

29 September

Skrifgedeelte: 1 Korintiërs 13:1-7

Fokusgedeelte: 1 Korintiërs 13:4-7

Toerusting in liefde: wat liefde nie doen nie!

Wanneer jy iets verbeter of verander, moet jy besef wat agapé-liefde *nie doen nie*. Die liefde handel nie onwelvoeglik nie, soek nie eie belang nie, is nie bly oor die onreg nie en hou nie boek van die kwaad nie.

Agapé-liefde handel nie onwelvoeglik nie. Wat laat jou verskriklik skaam voel? Die dinge wat dit veroorsaak, is onwelvoeglike dinge. Anders gestel, *onwelvoeglik beteken dat jy sommer net ongemanierd en ongeskik is*. Geliefdes, probeer om sensitief te wees teenoor iemand, so sal jy hom/haar uiteindelik weer terugwen.

Agapé-liefde soek nie sy eie belang nie. Hierdie “soek” wys op die innerlike drang wat in jou is om iets net vir jouself te verkry. Hoeveel keer draai dinge nie om jou daar in jou huis, werk, vriendekring en kerk nie? Nee, kyk hoe Jesus Christus Homself geoffer het om jou belange te soek.

Agapé-liefde is nie bly oor die onreg nie. Soms verwens ek iemand en kry sommer lekker as hy iets oorkom. Die “bly wees” is om in ’n toestand van absolute vreugde te wees. Hoe kan ek vreugde kry oor “onreg”, al verdien die persoon dit volgens my? Hoe kan ek sê? “Lekker, jy wou mos!” Agapé-liefde doen dit nie.

Agapé-liefde hou nie boek van die kwaad nie. Dit wys op slegte dinge, kwaad, euwel, onheil, sonde, boosheid. In Engels word dit as ’n “mental record” beskryf. Jy dryf dit in, soos ’n messteek in die hart! Jy wil self nie eers naby aan iemand in die kerk sit nie. Agapé-liefde lei jou om met Jesus se genade deur die “kwaad” te werk.

Geliefdes, die agapé-liefde doén nie hierdie dinge nie. Môre kom ons by wat die agapé-liefde wél doen!

Sing: Skrifberyming 9-4:5

Ds. J (Joop) van Schaik (Randburg)